## 17.5 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL AANGAANDE PENSIOENVOORSIENING AAN DIENENDE PREDIKANTE WAT NIE DEEL IN DIE GKSA PENSIOENFONDS NIE EN OOK NIE BEGUNSTIGDES IS VAN DIE THUSOFONDS NIE (Artt 202, 304)

## 17.5 POINT OF DESCRIPTION REGIONAL SYNOD FREE STATE AND KWAZULU-NATAL REGARDING PENSION PROVISION FOR SERVING MINISTERS NOT PART OF GKSA MINISTERS' PENSION FUND AND ALSO NOT BENEFICIARIES OF THE THUSO FUND (Arts 202, 304)

A. Die voorsitter stel die Beskrywingspunt.
The chairman tables the Point of descripition.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Finansiële Kommissie.
**Decision:** Point of description reffered to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

| | |
|---|---|
| **1. Voorstel**<br>Dat aan die Deputate Emeritaatsversorging opgedra word om: | **1. Proposal**<br>That the Deputies Emeritaatsversorging be assigned to: |
| 1.1 die probleem te ondersoek van dienende predikante van kerke voorheen van Sinode Middellande en Klassis Capricorn, wat nie voldoende versorging uit die GKSA Predikante Pensioenfonds of die Thusofonds sal ontvang nie. | 1.1 to investigate the problem of serving ministers of churches, previously Synod Midlands and Classis Capricorn, that do not receive adequate provision from the GKSA Pension fund or the Thuso Fund. |
| 1.2 Om toepaslike oplossings voor te stel en waar moontlik te implementer ter voorsiening van ondersteuning na emeritering. | 1.2 To recommend and already implement where possible appropriate measures for the provision of their support after retirement. |
| 1.3 Om die volgende Algemene Sinode te adviseer van stappe wat hulle goedkeuring verg. | 1.3 To advise the next General Synod on measures that need their approval. |
| **2. Motivering**<br>Daar is 29 predikante vanuit die voormalige Sinodes Middellande en Klassis Capricorn wat steeds dien in kerke en eersdaags emeriteringsouderdom nader, maar wat nie ingesluit is in enige voorsiening deur die Predikante Pensioenfonds nie en ook nie kwalifiseer as begunstigdes van die Thusofonds nie. | **2. Motivation**<br>There are 29 ministers from the previous Synods Midlands and Classis Capricorn who is still serving in churches, and is nearing retirement age while not included in the GKSA Ministers' Pension Fund and they do not qualify for support from the Thuso Fund either. |
| Wanneer hierdie predikante emeriteer, sal hulle versorging 'n onhaalbare las plaas op die kerke waar hulle dien en die onderskeie Klassisse. Alhoewel die Klassis KwaZulu-Natal begin het met ini- | When these ministers retire, their support would place a burden on their churches and respective Classes which would be too large to cope with. Even though the Classis KwaZulu-Natal has started with |

| | |
|---|---|
| siatiewe om 'n fonds vir die toekomstige ondersteuning daar te stel, sal dit 'n drupel in die oseaan wees.<br><br>Sonder ondersteuning vanuit die kerke in die breër GKSA sal hierdie broeders nie eerbaar versorg word kan word nie.<br><br>**3. Aanbeveling**<br>Daar word aanbeveel dat die Sinode hierdie voorstel sal GOEDKEUR. | an initiative aimed to build up some funds for future support, this would be a drop in the ocean.<br><br>Without support from the churches in the wider GKSA these brothers would not be supported in an honourable manner.<br><br>**3. Recommendation**<br>It is recommended that the Synod APPROVES this proposal. |

E. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

| | |
|---|---|
| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem**<br>1.1 Die motivering van die Beskrywingspunt (pt 2) beskryf die geweldige nood duidelik.<br>1.2 Alle predikante na 2009 is verplig om deel te wees van die GKSA Pensioenfonds.<br>**Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.**<br><br>**2. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>2.1 Gevolg word gegee aan die Beskrywingspunt, nadat pt 1.1 soos volg gewysig is: "die probleem te ondersoek van dienende predikante van kerke, voorheen Sinode Middellande en Klassis Capricorn, wat nie voldoende versorging uit die GKSA Pensioenfonds of die Thusofonds sal ontvang nie".<br>2.2 Die Deputate Emeritaatsversorging kry die opdrag om pt 1.2 op te neem met alle kerke in Klassisse wat se predikante nie in die Pensioenfonds is nie.<br><br>**Besluit: Punte 2.1 en 2.2 goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **1. Matters that the Synod take note of**<br><br>1.1 The motivation in the Point of description clearly describes the extreme need.<br>1.2 All ministers after 2009 are obligated to be part of the GKSA pension fund.<br><br>**Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.**<br><br>**2. Matters that the Synod decide on**<br>2.1 Effect is given to the Point of description, after pt 1.1 is amended as follows: "to investigate the problem of serving ministers of churches, previously Synod Midlands and Classis Capricorn, that do not receive adequate provision from the GKSA pension fund or the Thuso Fund".<br><br>2.2 The Deputies Emeritaatsversorging receives the mandate to discuss pt 1.2 with all churches in Classes where the minister does not belong to the Pension Fund.<br>**Decision: Points 2.1 and 2.2 approved (amendments already added – Deputies Acta).** |